# WENKE VIR FAMILIENAVORSING

**Glenstantia-Biblioteek beskik nou oor die hele reeks Suid Afrikaanse Geslagsregisters (SAG).**

**'n Groot deel van die navorsing is dus hier in ons biblioteek moontlik!**

1 **Nodige inligting**

Bring die al die bekende inligting oor elke persoon waaroor u wil navorsing doen saam. Begin met u eie ouers en werk sover u kan terug na ouer voorsate. U benodig:

- Sover moontlik die **volle name** van die betrokke persoon, asook dié van soveel as moontlik familielede wat met die person te doen het.
- Sover moontlik die geboorte-, huweliks- en sterf**datums**
- Asook die **plekke** waar hulle gebore/gedoop en begrawe is.

**2 Benutting van die SAG**

As u gelukkig is kan u moontlik selfs 'n voorvader/-moeder wat so onlangs as in die vroeg 1900's gebore is, in die SAG opspoor. Meestal egter is dit ons geslag se reusetaak om 'n koppeling te bewerkstellig tussen die huidige generasie(s) en dié wat in die laat 1800de eeu geleef het.

Om die soektog te loods is dit nodig om die numeringsmetode van die SAG te verstaan:

**a** = Die **stamvader(s)** wat eerste in SA aangekom het.

[Bv. Beide Hendrik en Ockert OLIVIER word dus met 'n a aangedui.]

**b** = Al bg. **stamvader(s) se kinders** word vanaf b1 genommer tot by bv b10 as daar 10 kinders was. Dit verwar party beginners aanvanklik omdat al die b's nie ondermekaar is nie. b1 se kinders en elkeen se nasate word klaar bespreek voordat begin word met b2 s'n.

[Bv. Hendrik se 4de seun , Jan en word b4 genoem (sien p.85 van die betrokke SAG-volume) en sy kinders is almal b4c1, b4c2 tot by b4c11 wat eers op p. 103 verskyn!]

**c** = Alle **kleinkinders van die stamvader(s)** is met 'n c aangedui. Dit beteken dat dus weer-eens dat daar onderskei moet word na watter spesifieke kleinkind verwys word.

[Bv. Die 7de seun, Gerrit , se 4de seun word dus met b7c4 (sien p. 106) aangedui.]

**d** = **Agterkleinkinders; e** = **agter-agterkleinkinders** ens. Elke verdere generasie word dus met 'n volgende letter van die alfabet benoem.

[Bv. In die bespreking van Gerrit (b7) se kinders vind 'n mens vir Mark Olivier op p.107 as no b7c4d4f7g?h1i1. Die opsteller was nie seker van die g-generasie nie.]

### 3 Aard van opsporing

As u oupa 'n Gerrit Olivier was, is dit duidelik dat bv. alle Gerrit's in die 2 Olivier geslagregisters evalueer sal moet word om te bepaal watter een se info met die van u oupa ooreenstem. Dit help soms om te bepaal watter generasie min of meer ooreenstem met u voorsaat se geboortedatum. [Bv. Die e-groep van bg. Oliviers lê rondom die vroeg 1800's.]

Soms kry mens oupa Olivier se info opgespoor in die geslagsregister van sy vrou! Indien u egter vind dat u nie 'n koppeling kan bewerkstellig nie, benodig u eers inligting oor 'n generasie of meer tussen-in. Sterfkennisse en doopregisters verskaf gewoonlik inligting oor die betrokkene se ouers en kan dus geraadpleeg word.

### 4 Bykomende hulp

Hier verskyn slegs van die belangrikste bykomende maniere om u soektog voort te sit:

#### 4.1 **Ander bronne**

Die Erfenisstigting se Biblioteek by Voortrekkerhoogte (Navraag: 012 326 6770)

Die Nasionale Argiewe in Hamiltonweg, Pretoria (Tel: 012 323 5300) beskik oor o.a. boedels en sterfkennisse

UNISA se biblioteek beskik oor sekere gemeentes se registers

Die betrokke kerke se argiewe, bv. Ned Herv Kerk Argief in Pretoria en die Gereformeerde Kerk s'n in Potchefstroom se versameling registers is uiteraard meer volledig

#### 4.2 **Nuttige webwerwe**

NAAIRS – Al die Nasionale Argiewe se bondage gegewens

GGSA – Die Genealogiese Genootskap van Suid Afrika

Family search – Die Mormoonse Kerk se info sluit talle lande en geloofsdominasies in.

**Die beste raad is egter dat u aansluit by u plaaslike tak van die GGSA. Die Noord Transvaal tak vergader maandeliks by Voortrekkerhoogte. Uitstekende opleiding, goeie sprekers en wonderlike samewerking maak gou van gewone nuuskierigheid 'n heerlike stokperdjie wat 'n kosbare nalatenskap tot gevolg het! Skakel gerus 082 254 8024 of 082 465 4811.**

**OPSTELLER: Ria Slabbert (0839886105)**